**Laerskool Van Dyk Primary**

**D6 EMIS 700160994**
**GRAAD 5**

**KWARTAAL 2 2019**
**TOTAAL: 15**
**OPGESTEL: ME N STEYN**

**AFRIKAANS EAT**
**TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES**

**TYDSDUUR: 90 MINUTE**
**GEMODEREER: ME CA DE VILLIERS**
**DATUM: _______________**

**TAAK 1**
**OPDRAG 3**

**NAAM EN VAN: _____________________________________________** **GR 5. _________**

| | | |
|---|---|---|
| **PUNT** _____________ 15 | ______________% | **SKAAL:** |
| **VRAAG 1: /5** | **VRAAG 2: /5** | **VRAAG 3: /5** |

**OPDRAG:**

**Lees die volgende storie goed deur en beantwoord dan die vrae wat volg.**

## Abu Ali tel sy donkies

**Eendag stap Abu Ali dorp toe om 'n paar donkies te gaan koop. Hy koop nege donkies en ry op die voorste een huis toe. Die ander donkies loop agterna.**

**Na 'n rukkie sê Abu Ali by homself: "Ek moet seker maak dat al my donkies hier is." Hy draai om en begin sy donkies tel.**



**Hy tel net agt donkies. "Een. Twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt. O, gits! Waar is die negende donkie?" roep Abu Ali uit.**

**Hy spring van sy donkie af en soek na sy negende donkie. Hy soek agter die bome en rotse, maar hy sien die donkie nêrens nie. "Ek sal hulle weer tel," sê Abu Ali. "Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege. Nou is daar nege! Die donkie het seker teruggekom!" Hy klim toe maar weer op die donkie en ry verder. Na 'n rukkie draai hy weer om en tel die donkies: "Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt. Daar's net agt donkies!"**
**Hy spring van die donkie af en soek weer agter die bome en rotse na die negende donkie. Hy kry die donkie nêrens nie.**

> **"Ek sal weer tel," sê hy. Hierdie keer is daar weer nege! Hy klim op die donkie en ry verder. 'n Rukkie late sien Abu Ali sy vriend, Musa, langs die pad. "Musa!" roep hy uit. "Help my om my donkies te tel, asseblief.**
> **Daar's elke keer een te min. Wanneer ek stop om hulle te tel, is daar net agt donkies, maar as ek afklim om na die negende donkie te soek, is hy weer daar. Dan is daar nege!"**

**"Wel, ek kan tien donkies sien, Abu Ali," lag Musa.**
**"Tien? Hoe so?" vra Abu Ali.**
**"Ek sien die donkie waarop jy ry en ek sien agt donkies agter jou." Sê Musa.**
**"Natuurlik!" roep Abu Ali uit. "Ag, ek was dom! Maar waar is die tiende donkie?"**
**"Hy ry op die negende donkie se rug," sê Musa, "en sy naam is Abu Ali!"**



## Vraag 1

## Kies 'n woord uit die blokkie en voltooi die sinne. (Vergelykings)

| klip | donkie | bossies | mol | nag |
|---|---|---|---|---|

a) Hy is so blind soos 'n ___________________

b) Dit is so donker soos die _______________

c) Hy slaap soos 'n _______________

d) Hy het geld soos _______________

**e) Hy eet soos 'n ________________ (5)**

**Vraag 2**

**Verbind die volgende sinne deur die voegwoorde tussen hakkies te gebruik.**

**a. Hy ry op een donkie. Hy gaan huis toe. (want)**

______________________________________________________________________

**b. Abu Ali soek die donkie. Hy sien hom nêrens nie. (maar)**

______________________________________________________________________

**c. Abu Ali tel verkeerd. Hy sit op die negende donkie. (want)**

______________________________________________________________________

**d. 'n Man pak sy goed op 'n donkie. Hy trek na 'n ander stad. (want)**

______________________________________________________________________

**e. Die donkie is kwaad. Hy wil nie loop nie. (en)**

______________________________________________________________________

**(5)**

**Vraag 3**

**Skryf die volgende sinne in die *verlede tyd*.**

**a. Abu Ali koop 'n paar donkies.**

______________________________________________________________________

**b. Abu Ali spring van sy donkie af.**

______________________________________________________________________

**c. Abu Ali tel al sy donkies.**

______________________________________________________________________

**d. Hy ry op die donkie se rug.**

______________________________________________________________________

**e. Abu Ali soek die negende donkie.**

______________________________________________________________________

**(5)**

## Laerskool Van Dyk Primary

**D6 EMIS 700160994**

**AFRIKAANS EAT**

**GRAAD 5**

**TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES**

**KWARTAAL 2 2019**

**TYDSDUUR: 90 MINUTE**

**TOTAAL: 15**

**GEMODEREER: ME CA DE VILLIERS**

**OPGESTEL: ME N STEYN**

**TAAK 1**
**OPDRAG 3**

**OPDRAG: MEMO**

**VRAAG 1**

**a) mol**
**b) nag**
**c) klip**
**d) bossies**
**e) donkie**

**VRAAG 2**

**1. Hy ry op een donkie want hy gaan huis toe.**
**2. Abu Ali soek die donkie maar hy sien hom nêres nie.**
**3. Abu Ali tel verkeerd want hy sit op die negende donkie.**
**4. ‘n Man pak sy goed op ‘n donkie want hy trek na ‘n ander stad.**
**5. Die donkie is kwaad e hy wil nie loop nie.**

**VRAAG 3**

**1. Abu Ali het ‘n paar donkies gekoop**
**2. Abu Ali het van dy donkie af gespring**
**3. Abu Ali het al sy donkies getel**
**4. Hy het op die donkie se rug gery**
**5. Abu Ali het die negende donkie gesoek**

## Laerskool Van Dyk Primary

**D6 EMIS 700160994**
**GRAAD 5**

**AFRIKAANS EAT**
**LEESBEGRIP**

**KWARTAAL 2 2019**
**TOTAAL: 20**
**OPGESTEL: ME N STEYN**

**TYDSDUUR: 1 uur**
**GEMODEREER: ME CA DE VILLIERS**
**DATUM: ______________**

**TAAK 1**
**OPDRAG 4**

**NAAM EN VAN: ___________________________________________** **GR 5. _________**

| **PUNT** ____________ **20** | ______________% | **SKAAL:** |
|---|---|---|

### OPDRAG:

**Lees die volgende storie goed deur en beantwoord dan die vrae in vol sinne.**

**<u>Die grootste pizza</u>**



Mevrou Bakkes bak elke Saterdag die heerlikste pizza. Haar man eet die hele pizza op. Mevrou Bakkes besluit sy gaan die grootste pizza in die wêreld bak.

Sy en Liefie ry met 'n groot lorrie supermark toe. Mevrou Bakkes en Liefie klim by die supermark uit.
Mavrou Bakkes sê vir die bestuurder van die supermark: " Ons het 'n paar trollies nodig, want ons wil baie kos koop."

Sy en Liefie pak die eerste trollies: tien sake meel, vyf liter melk, sewe pakke kaas, twaalf blikke tamatie en 'n dosyn eiers.



Hulle pak nog baie trollies vol kos: alles vir die groot pizza wat hulle gaan bak. Wat het Mevrou Bakkes nog nodig? ‘n Groot mengbak, ‘n groot pan en ‘n groot oond!

Sy gaan na ‘n fabriek toe. Meneer Van der Staal gee vir haar ‘n groot mengbak en ‘n pan. Mevrou Bakkes en Liefie werk die hele middag. Liefie gooi in. Mevrou Bakkes rasper.





Eindelik is die deeg gereed. Hulle sit die tamatie, uie en kaas bo-op en steek die pizza in die fabriek se groot oond.

Toe die pizza gaar is, sê meneer Van der Staal: “Mag ek ook ‘n stukkie kry, asseblief?””Seker,” sê mevrou Bakkes. Sy gee vir hom ‘n stuk pizza

“Dis die heerlikste pizza in die wêreld!” sê meneer Van der Staal.
“Jy moet elke dag vir ons pizzas bak. Ons sal dit by jou koop.” Sê meneer Van der Staal.
“Totsiens, mooi ry!”

Mevrou Bakkes en Liefie ry huis toe, en vir die eerste keer is daar genoeg pizza vir almal!

**<u>Beantwoord die volgende vrae in vol sinne.</u>**

1. Wie bak die heerlikste pizza?

_______________________________________________________________________(1)

2. Op watter dag bak sy pizza?

_______________________________________________________________________(1)

3. Wat het Mevrou Bakkes besluit om eendag te doen?

_________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________(2)

4. Hoekom het Mevrou Bakkes 'n paar trollies nodig?

_______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________(2)

5. Wat koop Mevrou Bakkes alles by die supermark?

_____________________________________________

_____________________________________________

_____________________________________________

_____________________________________________

_____________________________________________ (5)

6. Hoekom het Mevrou Bakkes na Meneer Van der Staal se fabriek toe gegaan?

_______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________(2)

7. Beskryf meneer Van der Staal se reaksie toe hy die pizza geproe het.

______________________________________________________________________________(1)

8. Dink jy daar is nou genoeg pizza vir almal? Gee 'n rede vir jou antwoord

_______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________(2)

**<u>Vul die teenoorgesteldes in.</u>**

1. Die pizza was nie klein nie, dit was________________________ .

2. Die pizza was nie sleg nie, dit was ___________________________ .

3. Die trollie was leeg, toe pak mevrou Bakkes dit __________________ kos.

4. Sy het nie min goed gekoop nie, maar _____________________ goed.

(4)

Totaal: 20

**Laerskool Van Dyk Primary**

<u>**D6 EMIS 700160994**</u> <u>**AFRIKAANS EAT**</u>

<u>**GRAAD 5**</u> <u>**LEESBEGRIP**</u>

**KWARTAAL 2 2019** **TYDSDUUR: 1 uur**

**TOTAAL: 20** **GEMODEREER: ME CA DE VILLIERS**

**OPGESTEL: ME N STEYN**

**TAAK 1**

**OPDRAG 4**

**OPDRAG: MEMO**

<u>**Beantwoord die volgende vrae in vol sinne**</u>

1. Mevrou Bakkes

2. Op “n Saterdag

3.Die wêreld se grootste pizza te bak.

4. Omdat sy baie kos wil koop vir die pizza

5. tien sake meel,

vyf liter melk,

sewe pakke kaas,

twaalf blikke tamatie

en ‘n dosyn eiers

6. Want sy het ‘n groot pan en mengbak nodig

7. Hy het gesê dit is die heerlikste pizza wat hy nog ooit geeet het.

8. Ja, Mevrou Bakkes se dat daar nou vir die eerste keer genoeg pizza vir almal is

<u>**Vul die teenoorgesteldes in**</u>

1. groot

2. lekker

3. vol

4. baie